Posbus/PO Box 62056
VAALPARK
1948

Vaalpark Primêr / Primary

Tel (016) 971 2012/3
Faks/Fax (016) 971 1478
www.vaalparkprim.co.za

22 April 2021

Geagte Ouers

ONS HERINNER U NET WEER AAN DIE VOLGENDE:

- **TERUGKEER VAN ALLE LEERDERS IN VOL KAPASITEIT**
  Daar word verskeie navrae hieromtrent aan die skool gerig. Ons skool het 'n baie groot leerdergetal van 1173 leerders, wat 'n 100% leerder-terugkeer tans nie moontlik maak nie. Ons is genoodsaak om streng Covid 19 protokol-prosedures te volg. Indien 'n skool se leerdergetal 629 oorskry, mag die skool net 50% van sy leerders per dag akkomodeer. Die klaskamergroottes voldoen hoegenaamd nie aan die sosiale afstand-protokol nie. Die Senior Primêre-afdeling gebruik net dubbelbanke, waarby slegs een leerder tans mag sit.
  Ons het absolute begrip vir die ouers se frustrasies en kommer en wees verseker dat elkeen van ons, as personeel, al ons leerders, bitter graag, elke dag, gelyk sou wou sien. Ons deel elke ouer se kommer en frustrasie ten opsigte van soveel minder onderrigtyd, per leerder. Ons poog egter deurgans om toestemming te kry om sekere grade vroeër te laat begin.

- **SKOOLTYE:**
  Skool begin elke eerste dag van die kwartaal om 08:00, vir die groen- en blou-groep.
  Hier volg die begin–en uitkomtye van die onderskeie grade:-

	Maandae – Donderdae	**Vrydae**
Gr 00 & 0 :	7:30 - 12:30	12:00
Gr 1 & 2:	7:30 - 13:00	13:00
Gr 3 :	7:30 - 13:15	13:00
Gr 4 tot 6 :	7:30 - 14:15	13:00
Gr 7 :	7:30 - 14:30	13:00

  Ons wil dringend 'n versoek tot ouers rig om u kind/ers betyds op- en af te laai.
  Stiptelikheid is deel van 'n leerder se dissipline.

- **INGANG BY HEKKE**
  Gr 0 & Gr 00 - klein hekkie aan die kant van hul klasse.
  Gr 1,2,3 - klein, middelste hekkie by die hokkieveld.
  Gr 4,5 - nuwe hek op rugbyveld, by parkeerarea.
  Gr 6,7 - hek naaste aan die kafeteria.
  Die nuwe parkeerarea, langs die rugbyveld, is nou vol in gebruik. Dit help geweldig baie met die verkeersvloei en is 'n groot pluspunt vir die skool.

Posbus/PO Box 62056
VAALPARK
1948

Vaalpark Primêr / Primary

Tel (016) 971 2012/3
Faks/Fax (016) 971 1478
www.vaalparkprim.co.za

- "**SCREENING"**
  Ouers moet asseblief onthou om elke naweek, vanaf Saterdag- tot Maandagoggend 08:00, in te gaan op die skakel en die Covidvorm in te vul vir u kind/ers.

- **MASKERS**
  Leerders moet hul eie maskers dra. Géén leerder sal op die skoolterrein sonder 'n masker toegelaat word nie.

- **SPORTDEELNAME**
  Verdere kennisgewing in verband met sportdeelname, sal later, wanneer daar meer duidelikheid daaroor is, deurgegee word. Vaalpark Primêr se groot leerdergetal van 1173 leerders, bemoeilik tans nog hierdie situasie, want daar moet steeds aan getal-protokol gehoor gegee word.

- **SKOOLFONDS**
  As gevolg van Covid-19, sal geen kontant meer by die skool aanvaar word nie. Daar is 'n kaartmasjien by die skool daarvoor beskikbaar. U kan alternatiewelik van bankdepositio's of "EFT-betalings" gebruik maak.
  Vaalpark Primêre Skool
  ABSA-tjekrekening
  Rekeningnommer: 52 0861 106
  Takkode: 632005

- **RAPPORTE**
  Rapporte sal so gou moontlik uitgegee word in die Tweede Kwartaal. Maak asb seker dat u skoolfonds op datum is, om te verseker dat u u kind se rapport by die skool kan kom afhaal. Indien u 'n reëling wil tref m.b.t die betaling, kontak asb. Me Baker (baker.karin66@gmail.com) of Me Kleynhans (finansies@vaalparkprim.co.za).

- **SKOOLDRAG**
  Wintersdrag moet vanaf 1 Mei 2021, gedra word. Die korrekte skooldrag moet te alle tye gedra word. Skooldrag kan by School Gear in Vaalpark, MG Schoolwear in Vanderbijlpark en Sasol Uniform in Sasolburg verkry word.
  Ou skooldrag mag nie meer gedra word, na 1 September 2021 nie. Ou en nuwe skooldrag mag nie gemeng word nie.

Posbus/PO Box 62056
VAALPARK
1948

Vaalpark Primêr / Primary

Tel (016) 971 2012/3
Faks/Fax (016) 971 1478
www.vaalparkprim.co.za

Seuns:

- Netjiese navyblou voorgeskrewe getailleerde langbroek
- Wit, langmou katoenhemp
- Gestreepte das
- Swart skoolskoene
- Navyblou kniekouse met emerald groen strepie aan bo-kant
- Navyblou V-nek "pull-over" of langmoutrui, met emerald groen streep om die hals en/of skoolsweetpakbaadjie, mag gedra word.
- Gewone donkerblou serp/handskoene.
- Geen ander donker/navy baadjies is toelaatbaar nie.
- Graad 1 – 3 leerders mag 'n volledige skoolsweetpak en wit tekkies gedurende die winter dra.
- 'n Vaalpark "beanie" mag in die tweede en derde kwartaal gedra word.

Dogters:

- Netjiese navyblou getailleerde langbroek,/ skoolromp met navy sykouse
- Wit langmou katoenhemp
- Gestreepte das
- Swart skoolskoene
- Kort navy kouse met emerald groen strepies aan bo-kant.
- Navyblou V-nek "pull-over" of langmoutrui met emerald groen streep om die hals en/of skoolsweetpakbaadjie mag gedra word.
- Gewone navy donkerblou serp/handskoene.
- Geen ander donker/navy baadjies is toelaatbaar nie.
- Graad 1 – 3 leerders mag 'n volledige skoolsweetpak en wit tekkies gedurende die winter dra.
- 'n Vaalpark "beanie" mag in die tweede en derde kwartaal gedra word.

- **SELFONE**
  GEEN SELFONE, SELFOONHORLOSIES word by die skool toegelaat nie. Indien 'n leerling 'n selfoon skooltoe bring,, moet hy/sy dit by die kantoor inteken tot aan die einde van die dag.

- **KWARTAALDATUMS:**
  Kwartaal 2: 3 Mei – 9 Julie 2021
  Kwartaal 3: 26 Julie – 1 Oktober 2021
  Kwartaal 4: 11 Oktober – 15 Desember 2021

Posbus/PO Box 62056
VAALPARK
1948

Vaalpark Primêr / Primary

Tel (016) 971 2012/3
Faks/Fax (016) 971 1478
www.vaalparkprim.co.za

- **ROOSTER: FORMELE ASSESSERING**
  Grondslagfase: Formele deurlopende assessering vind plaas.
  Intermediêre- en Seniorfase: Eksamenrooster **(Indien afwesig gedurende eksamen, MOET 'n doktersbrief ingehandig word.)**

Datum	*Dag*	*Graad*	*Vak*
23 Junie	Woensdag	7	Tegnologie
24 Junie	Donderdag	7	Kuns en Kultuur
25 Junie	Vrydag	7	EBW
28 Junie	Maandag	4 – 7	Geskiedenis
29 Junie	Dinsdag	4 – 7	Wiskunde
30 Junie	Woensdag	4 – 7	Afrikaans: Huistaal Engels: Huistaal
1 Julie	Donderdag	4 – 7	NW
2 Julie	Vrydag	4 – 7	Afrikaans: Addisionele Taal Engels: Addisionele Taal
5 Julie	Maandag	4 – 7	Aardrykskunde
6 Julie	Dinsdag	4 – 6	Lewensvaardighede
		7	Lewensoriëntering
7 Julie	Woensdag	4 - 7	Kontrolering van vraestelle
8 Julie	Donderdag	4 -7	Kontrolering van vraestelle

Ons glo en vertrou dat ons almal gedurende die vakansie geseënd sal wees. Beklemtoon asseblief die dra van maskers, sosiale afstande en sanitering van hande sodat ons die kinders so veilig moontlik kan hou.
Ons sien daarna uit om u terug te ontvang op 3 (groen-groep) en 4 (blou-groep) Mei, om 08:00.

Groete
Vaalpark Primêre Skool

Posbus/PO Box 62056
VAALPARK
1948

Vaalpark Primêr / Primary

Tel (016) 971 2012/3
Faks/Fax (016) 971 1478
www.vaalparkprim.co.za

Eksamenrooster
Exam time table

Datum Date	Graad Grade	Vak Subject	Tyd Time	Lokaal Room
23 Junie ***23 June***	7	Tegnologie ***Technology***	08:00 – 10:00	7A/B: Saal ***7E1 Blue: R5*** ***7E1 Green: R7*** ***7E2 Blue: R27*** ***7E2 Green: R28***
24 Junie ***24 June***		Kuns en Kultuur ***Arts and Culture***		
25 Junie ***25 June***		EBW ***EMS***		
28 Junie ***28 June***	4 + 6	Geskiedenis ***History***	08:00 – 10:00	4A Blou: K43 4A Groen: K42 4B Blou: K41 4B Groen: K40 4C Blou: K39 4C Groen: K38 ***4E1 Blue: R36*** ***4E1 Green: R35*** ***4E2 Blue: R34*** ***4E2 Green: R32*** 5A Blou: K43 5A Groen: K42 5B Blou: K41 5B Groen: K40 5C Blou: K39 5C Groen: K38 ***5E1 Blue: R36*** ***5E1 Green: R35*** ***5E2 Blue: R34*** ***5E2 Green: R32*** 6A/B/C: Saal ***6E1 Blue: R27*** ***6E1 Green: R28*** ***6E2 Blue: R5*** ***6E2 Green: R7*** 7A/B: Saal ***7E1 Blue: R5*** ***7E1 Green: R7*** ***7E2 Blue: R27*** ***7E2 Green: R28***
	5 + 7		11:00 – 13:00	
29 Junie ***29 June***	4 + 6	Wiskunde ***Mathematics***	08:00 – 10:00	
	5 + 7		11:00 – 13:00	
30 Junie ***30 June***	4 + 6	AFR: Huistaal ***ENG: Home Language***	08:00 – 10:00	
	5 + 7		11:00 – 13:00	
1 Julie ***1 July***	4 + 6	NW ***NS***	08:00 – 10:00	
	5 + 7		11:00 – 13:00	
40 2 Julie ***2 July***	4 + 6	AFR: Eerste Add Taal ***ENG: First Add Lang.***	08:00 – 10:00	
	5 + 7		11:00 – 13:00	
5 Julie ***5 July***	4 + 6	Aardrykskunde ***Geography***	08:00 – 10:00	
	5 + 7		11:00 – 13:00	
6 Julie ***6 July***	4 + 6	Lewensvaardighede & Lewensoriëntering ***Life Skills & Life Orientation***	08:00 – 10:00	
	5 + 7		11:00 – 13:00	